

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 26

13 AUGUSTUS 2021

UIT DIE KANTOOR

Goeie dag Ouers

MEDELYE
Ons opregte meegevoel word betuig teenoor Jano Janse van Vuuren in graad 6E en sy familie met die heengaan van hul oupa verlede week. Mag hul familie die nabyheid van ons Hemelse Vader in hierdie tyd beleef.

GESINSKAMP 20 – 22 AUGUSTUS 2021
Ons is baie opgewonde oor die gesinskamp wat volgende naweek by Willows gaan plaasvind. Almal wat gaan kamp sal Maandag al die inligting, wat belangrik is rakende die kamp, ontvang. Daar is nog twee staanplekke oop indien u belangstel om saam te gaan. Kontak my asseblief direk op my selnommer indien u belangstel.

SOSATIE SENSASIE WENNERS
Te danke aan u uitstekende ondersteuning van hierdie projek, was dit 'n rasende sukses! Ons kondig graag die wenners hieronder aan, maar hou ook ons Facebookblad dop vir foto's:

<u>Klasse</u> met die meeste sosatie verkope:

Juniors : Graad 2S met 23 pakke
Seniors : Graad 6H met 24 pakke

<u>Leerlinge</u> met die meeste sosatie verkope:

Juniors:
Lienke van Mosseveld Graad 2S
Evanthia Camarinos Graad 3B

Seniors:
Liam Heckroodt Graad 6H

Baie geluk aan elkeen van ons wenners en weereens dankie vir u ondersteuning.

RAISIN LEGENDS FONDSINSAMELINGS
Ons herinner u graag daaraan dat die Raisin Legends fondsinsameling regdeur die jaar sal hardloop dus kan u enige tyd by hierdie inisiatief betrokke raak.
Ons bevestig weereens die **nuwe** bestel- en betaaldatums hieronder:

- Raisin Legends bestel- en betaaldatum : **Dinsdag, 17 Augustus**. Bestelling word dan 18 Augustus geplaas en **Vrydag, 20 Augustus** sal die afhaaldatum wees.

AFKNOUERY
Ons is bekommerd oor afknouery wat tydens skoolure, tydens pouses en buite klassituasies tussen leerders (seuns en meisies) plaasvind.

Ons het waargeneem dat LEERDERS MEKAAR veral fisies of verbaal afknou. Wat ook al die oorsake mag wees, dit bly ‘n onaanvaarbare vorm van gedrag en ons wil nie daaroor swyg of daarvan wegvlug nie.

Daarom wil ons graag die probleem aanspreek. Ons wil leerders wat ander teiken, sowel as die lydende partye, probeer help. Daar is verskillende maniere hoe dit gedoen kan word.

Om afkouery uit te roei, het ons die volgende onmiddellike stappe in gedagte:
- Gesels met u kind oor insidente wat plaasvind.
- Onthou: ‘n storie het altyd twee kante.
- Kry die ander leerder wat in die insident betrokke is, se naam.
- Indien ‘n insident herhaal word, rapporteer dit aan die klasopvoeder (minder ernstig) of skoolhoof (meer ernstig), verkieslik op skrif.
- Indien die insident weer voorkom en elke keer daarna, kontak die skoolhoof direk. Die skoolhoof sal dan moontlike wyses van hantering met u bespreek.
- Insidente wat binne 24 uur aangemeld word, sal onmiddellike aandag geniet.

Afknouery kan en mag nooit deel van Newtonpark-leerlinge se opvoeding word nie. Baie dankie dat u as ouers vir ons gaan help om van hierdie probleem ontslae te raak.

PARKERING
Ons doen ‘n ernstige beroep op alle ouers om nie voor enige motorhek by die skool te parkeer nie. Die onderwysers / nasorgpersoneel kan dikwels nie die bussies op die terrein parkeer nie, omdat daar motors voor die hekke geparkeer staan

Ons vra ook vriendelik dat u nie voor opritte van huise oorkant die skool en die sportveld parkeer nie. Ons waardeer u samewerking in hierdie verband.

SKOOLGELDE 2021
Baie dankie aan al die ouers wat so gereeld hul skoolgelde betaal. Ek wil tog ‘n vriendelike beroep doen op diegene wat agterstallig is, om die verpligting wat u kind se skoolgelde betref na

te kom. Die skool is verantwoordelik vir sy eie rekeninge, want ons kry **minimale** hulp van die staat. Indien daar nie deur ouers gereageer word deur hul skoolgelde te betaal nie, sal die beheerliggaam genoodsaak wees om verdere stappe te neem. Die betaling van skoolgelde is 'n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: maandelikse debietorder oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2021. 'n Debietorder kan slegs op 'n tjek-/spaar-/transmissierekening ingestel word.) U mag ook die skoolgelde EFT. Indien u kontant wil betaal, moet direk in ons bankrekening inbetaal.
Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is.

ELEKTRONIESE BETALINGS

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

GEDAGTE VIR DIE WEEK

SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR <u>VOLGENDE WEEK</u>:
Die volgende **datums moet u asseblief op u kalender aanteken:**

Ma – 16 Augustus	:	**Skoolbywoning : Groep A + B** Klerewinkel **07:30-12:00**
Di – 17 Augustus	:	**Skoolbywoning : Groep A + B** Raisin Legends bestelvorms inhandig
Wo – 18Augustus	:	**Skoolbywoning : Groep A + B** **TOETS: Afrikaans Gr. 4 – 7** Klerewinkel **12:00-14:30**
Do – 19 Augustus	:	**Skoolbywoning : Groep A + B**
Vr – 20 Augustus	:	**Skoolbywoning : Groep A + B** Klerewinkel **07:30-12:00** Raisin Legends bestellings afhaal **Willows Gesinskamp**
Sa – 21 Augustus	:	**Willows Gesinskamp**
So – 22 Augustus	:	**Willows Gesinskamp**